

# SAAM MET GOD BY DIE WERK

10 riglyne uit die Bybel vir ons daaglikse werk

# Inleiding

Die Bybel is in 'n ander era geskryf, maar dis vol eeueoue wysheid en spreek verskeie vraagstukke wat ons vandag raak reguit aan, insluitende baie van die vraagstukke waarmee ons by die werk te doen het.

Of jy hierdie boekie lees as 'n werkgewer of as 'n werknemer, in 'n bestuursposisie of op grondvlak – jy sal verbaas wees oor hoe toepaslik hierdie Bybelverse vandag nog klink. Lees die Bybelverse, pas dit toe in jou werksituasie en ontdek dat jy jou werk asook die seën van die Here in jou lewe kan geniet.

## Wat sê die Bybel oor die werkplek?

Van die vroegste tye af is werk gesien as 'n seën. Ons lees in Genesis dat God sy skeppingswerk geniet het. Die volgende refrein kom regdeur al die stadiums van die skeppingsproses voor:

*God het gesien dat dit goed is.*

____________________ Genesis 1:4,10,12,18,21,25

## Om te werk in God se skepping

Toe God die man en vrou geskep het, het Hy hulle geseën en hulle in beheer geplaas van alles wat Hy geskep het. Hy wou hê dat hulle in gehoorsaamheid aan Hom moes werk en sy seën geniet. Daarby het hulle 'n baie duidelike posbeskrywing gehad.

*God het die mens geskep na sy beeld,*
*na die beeld van God*
*het Hy hom geskep,*
*manlik en vroulik het Hy hulle geskep.*

*God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg."*

____________________________ Genesis 1:27-28

*Die Here God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas. Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome van die tuin mag jy na hartelus eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf."*

____________________________ Genesis 2:15-17

Toe Adam en Eva egter aan God ongehoorsaam was, het Hy gesê dat hulle hulle lewe lank hard sou moes werk om 'n bestaan te kan maak.

*Vir die mens het Hy gesê:*
*"Omdat jy geluister het*
*na jou vrou se stem,*
*en geëet het van die boom*
*waarvan Ek jou beveel het,*
*'Jy mag nie daarvan eet nie!'*
*is die grond deur jou toedoen vervloek.*
*Met swaarkry sal jy daarvan eet,*
*solank jy leef;*
*dorings en dissels sal dit*
*vir jou laat uitspruit,*
*en jy sal veldplante eet.*
*Met sweet aan jou gesig*
*sal jy brood eet,*
*totdat jy terugkeer na die grond;*
*want daaruit is jy geneem –*
*ja, stof is jy,*
*en tot stof sal jy terugkeer."*

____________________________ Genesis 3:17-19

Tog ervaar die mens vreugde in arbeid as 'n gawe van God.

*Daar is niks beter vir die mens*
*as dat hy eet en drink en sy keel*
*laat geniet wat goed is*
*vir sy inspanning nie.*
*Ook dit het ek ingesien:*
*Dit is uit die hand van God,*
*want: "Wie kan eet*
*en wie kan geniet sonder My?"*

____________________________ Prediker 2:24-25

*Boonop, dit geld vir elke mens*
*aan wie God rykdom*
*en besittings gee*
*en vir wie Hy die geleentheid gee*
*om daarvan te geniet,*
*om dit as sy beloning te ontvang*
*en vrolik te wees by sy inspanning.*
*Dit is 'n gawe van God.*
*Want hy dink nie baie*
*aan sy lewensdae nie:*
*God laat hom besig bly*
*met wat sy hart verbly.*

____________________________ Prediker 5:18-19

*"Jy sal eet en versadig word en die Here jou God prys oor die goeie land wat Hy aan jou gegee het."*

________________________ Deuteronomium 8:10

*Jesus het gesê:*

*"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*

______________________________ Matteus 6:33

**Hier is tien riglyne wat ons kan volg om ons werk só te doen dat ons God tevrede stel en ook seker kan wees van sy seën.**

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 1 Vertrou op God

*Ons hoor dikwels van "selfgemaakte miljoenêrs" en van mense wat spog met hulle sakevernuf. Die Bybel leer ons dat ons niks sonder God se hulp kan bereik nie. Dit waarsku ons om nie planne te maak asof ons ons eie toekoms beheer nie en ook om nie al die eer vir die sukses wat ons bereik vir onsself toe te eien nie.*

*"As jy sou dink, my krag en my magtige hand het vir my hierdie rykdom verkry, dan moet jy die Here jou God onthou, want dit is Hy wat vir jou die krag gee om rykdom te verkry, sodat Hy sy verbond wat Hy aan jou voorvaders met 'n eed bevestig het, gestand kan doen soos dit vandag is."*

___________________________ Deuteronomium 8:17-18

*Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na hierdie of daardie stad gaan, en 'n jaar daar deurbring, en handel dryf en wins maak." Julle weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Hoe is julle lewe dan? Dit is maar 'n miswolkie, wat net vir 'n kort rukkie verskyn en dan weer verdwyn. Julle moet eerder sê: "As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen." Maar nou spog julle oor julle hoogmoedige optrede. Sulke gespog is verkeerd. As iemand weet om die goeie te doen en dit nie doen nie, is dit vir hom sonde.*

__________________________________ Jakobus 4:13-17

*Vertrou wat jy doen*
*aan die HERE toe,*
*dan sal jou planne standhou.*

_____________________________________ Spreuke 16:

# 2 Werk hard

Die Bybel leer ons dat wyse mense hard werk en die vrugte van hulle arbeid pluk; lui mense is dwaas en kom nêrens. Dis belangrik om deur eerlike werk in ons eie daaglikse behoeftes te voorsien.

*Gaan na die mier, luiaard,*
*kyk na sy weë, en word wys.*
*Hy wat nie 'n aanvoerder,*
*opsiener of heerser het nie,*
*berei in die somer sy kos voor,*
*versamel in die oestyd sy voedsel.*
*Hoe lank, luiaard,*
*gaan jy nog bly lê?*
*Wanneer gaan jy opstaan*
*uit jou slaap?*

___________________________________ Spreuke 6:6-9

*Die hand van vlytiges sal regeer,*
*maar trae hande is bestem*
*vir dwangarbeid.*

___________________________________ Spreuke 12:24

*'n Deur draai op sy skarnier*
*en 'n luiaard op sy bed.*

___________________________________ Spreuke 26:14

*'n Luiaard steek sy hand*
*in die skottel,*
*maar hy is te moeg om dit*
*na sy mond terug te bring.*

___________________________________ Spreuke 26:15

*Ons mense moet ook leer om hulle met goeie werke besig te hou, vir die voorsiening van noodsaaklike behoeftes, sodat hulle lewe nie vrugteloos sal wees nie.*

_______________________________________ Titus 3:14

*Maar ons beveel julle in die Naam van ons Here Jesus Christus, broers, dat julle elke broer moet vermy wat hom onordelik gedra, en nie optree volgens die oorlewering wat hulle van ons ontvang het nie. Julle weet tog self hoe nodig dit is dat julle ons voorbeeld volg. Ons het ons immers nie onordelik onder julle gedra nie; ons het niemand se brood sonder betaling geëet nie, maar met swoeg en sweet, bedags en snags gewerk, sodat ons vir niemand van julle 'n las sou wees nie – nie dat ons nie die reg daartoe gehad het nie, maar sodat ons onsself vir julle as voorbeeld kon stel om na te volg. Want juis toe ons by julle was, het ons julle steeds beveel dat iemand wat nie wil werk nie, ook nie behoort te eet nie. Want ons het gehoor dat sommige van julle onordelik optree, en nie wil werk nie, maar oral inmeng. Ons raai sulke mense aan, ja, deur die Here Jesus Christus spoor ons hulle aan, om hulle*

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

*dagtaak kalm te verrig, en so hulle eie brood te verdien. Maar julle, broers, julle moenie moeg word om goed te doen nie.*

__________________________ 2 Thessalonisense 3:6-13

*Maar as iemand nie na sy eie mense omsien nie, en veral nie na sy huisgenote nie, het hy die geloof verloën, en is hy slegter as 'n ongelowige.*

____________________________________1 Timoteus 5:8

# 3 Wees eerlik

Die Bybel het iets te sê oor baie van die probleme wat ons vandag by die werk teëkom.

### Diefstal en leuens

Diefstal is tans 'n groot probleem in die werkplek. Dit kan wissel van die neem van klein items vir persoonlike gebruik tot die verduistering van groot bedrae geld. Ons moet God eer deur heeltemal eerlik te wees in alles wat ons doen en sê by die werkplek. Die Woord van God, van die Tien Gebooie tot by die Nuwe Testament, waarsku ons oor diefstal en oneerlikheid.

*"Jy mag nie steel nie."*

________________Eksodus 20:15; Deuteronomium 5:19

*"Julle mag nie steel nie, julle mag nie lieg nie, en julle mag as volksgenote mekaar nie bedrieg nie."*

__________________________________ Levitikus 19:11

*Verag mense nie 'n dief*
*as hy steel nie,*
*al is dit om sy eetlus te bevredig*
*wanneer hy honger is?*
*En word hy uitgevang,*
*moet hy dit sewevoudig vergoed;*
*al die besittings in sy huis*
*moet hy dan oorhandig.*

_________________________________ Spreuke 6:30-31

*Daarop sê [die engel] vir my: "Dit is die vloek wat oor die hele land uitgestuur word: Volgens die een kant van die boekrol sal elkeen wat steel, uitgewis word en volgens die ander kant van die boekrol sal elkeen wat vals sweer, uitgewis word. Ek het die vloek uitgestuur," is die uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte. "Dit sal die huis van 'n dief binnedring en ook die huis van elkeen wat by my Naam vals sweer. Die vloek sal in sy huis bly en dit verwoes, die hout en ook die klippe."*

____________________________________ Sagaria 5:3-4

*"Ek sal na julle toe kom vir die oordeel en Ek sal sonder om te huiwer 'n getuie wees teen towenaars, egbrekers en wie vals sweer; teen hulle wat dagloners, weduwees en vaderlose kinders verdruk en hulle wat vreemdelinge wegwys en nie ontsag vir My het nie," sê die Here, Heerser oor alle magte.*

_____________________________________ Maleagi 3:5

*Die een wat nog steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen wat goed is, sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee.*

____________________________________ Efesiërs 4:28

*Slawe moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees: hulle tevrede stel, nie teenpraat nie, en nie steel nie, maar toon dat alle betroubaarheid goed is, sodat hulle in alles die leer van God, ons Verlosser, aantreklik maak.*

_____________________________________ Titus 2:9-10

### Korrupsie en omkopery

Dit word al hoe moeiliker om eerlik besigheid te doen. Omkopery en korrupsie is besig om die norm in sekere sektore van die ekonomie te word. Die Bybel leer ons dat, alhoewel omkoopgeskenke tydelike wins mag bring, deursigtige transaksies op die lang duur die voortbestaan van besighede en die ekonomie verseker.

*'n Omkoopgeskenk*
*is 'n gelukbringer in die oë*
*van wie dit besit –*
*waar hy hom ook al heen wend,*
*hy gaan sukses behaal!*

____________________________________ Spreuke 17:8

*Maar ...*

*Wie onregverdige wins maak,*
*stort sy huis in die ongeluk,*
*maar hy wat omkoopgeskenke haat,*
*sal leef.*

___________________________________ Spreuke 15:27

*HERE, wie mag 'n gas wees in u tent?*
*Wie mag tuisgaan op u heilige berg?*

*Al sweer hy tot sy nadeel,*
*hy verander nie.*
*Hy leen nie sy geld teen rente uit nie,*
*en aanvaar nie 'n omkoopgeskenk*
*ten koste van die onskuldiges nie.*
*Hy wat hierdie dinge doen,*
*sal nooit struikel nie.*

________________________________ Psalm 15:1,4b-5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

*Om partydig te wees,*
*is nie goed nie;*
*vir 'n stukkie brood*
*kan 'n man oortree.*
*'n Gierigaard is oorywerig*
*om ryk te word,*
*en hy weet nie dat gebrek*
*vir hom voorlê nie.*

Spreuke 28:21-22

*Ook dit is sinloos:*
*dat afpersing 'n wyse*
*dwaas maak,*
*en 'n geskenk 'n hart vernietig.*

Prediker 7:6b-7

## Bedrog en kullery

Ons hoor al hoe meer van mense wat geld vra vir dienste wat hulle nie gelewer het nie of vir goedere wat hulle nie voorsien het nie. In die Bybel se tyd het skale, gewigte en inhoudsmate 'n belangrike rol gespeel wanneer pryse vasgestel is. Dit het aanleiding gegee tot die vereiste dat daar eerlik afgeweeg en handel gedryf moet word.

*"Jy mag nie in jou sak verskillende gewigte, swares en ligtes, hê nie. Jy mag ook nie in jou huis verskillende efas, 'n groter en 'n kleiner een, hê nie. Die gewigte wat jy gebruik, moet eg en reg wees; die efa wat jy gebruik, moet ook eg en reg wees, sodat jy lank kan leef op die grond wat die Here jou God vir jou gaan gee. Ja, elkeen wat oneerlik optree, wat sulke dinge doen, is vir die Here jou God afstootlik."*

Deuteronomium 25:13-16

*'n Vals weegskaal*
*is vir die Here afstootlik,*
*maar 'n egte gewig*
*geniet sy goedkeuring.*

Spreuke 11:1

*'n Goddelose maak bedrieglike wins,*
*maar wie geregtigheid saai,*
*kry 'n egte beloning.*
*Egte regverdigheid*
*is gerig op die lewe,*
*maar wie kwaad najaag,*
*stuur af op sy dood.*

Spreuke 11:18-19

*"Julle mag nie onreg pleeg in die regspraak wanneer dit gaan oor lengte, gewig en inhoudsmaat nie. Julle moet 'n onvervalste weegskaal, onvervalste gewigte, 'n onvervalste efa en 'n onvervalste hin hê. Ek is die Here julle God, wat julle uit Egipteland laat wegtrek het. Julle moet al my vaste voorskrifte en al my beslissings nakom; julle moet dit uitvoer. Ek is die Here."*

Levitikus 19:35-37

*Luister hierna,*
*julle wat die behoeftiges vertrap,*
*en daarop uit is om weerloses*
*in die land uit te wis*
*deur te sê,*
*"Wanneer is nuwemaan verby,*
*sodat ons weer koring kan verkoop,*
*en die Sabbat, sodat ons*
*die graansakke kan oopmaak?"*
*net om 'n efa kleiner te maak*
*en 'n sikkel groter,*
*en om te kul met 'n vals weegskaal,*
*om armes vir geld te koop*
*en behoeftiges vir 'n paar sandale.*
*"Die uitskotgraan sal ons ook verkoop."*

*Die Here het gesweer*
*by die trots van Jakob:*
*"Ek sal al hulle dade in ewigheid*
*nie vergeet nie."*

Amos 8:4-7

*Die stem van die Here*
*roep tot die stad*
*(dit is verstandig om vir u Naam*
*ontsag te hê):*
*"Luister na die straf*
*en wie dit bepaal het.*
*Is daar steeds in die huis*
*van die goddelose skatte*
*wat deur onreg verkry is*
*en 'n verkleinde efa,*
*wat vervloek is?*
*Sal Ek 'n vals weegskaal*
*en 'n sak met vals gewigte oorsien?*
*Die stad se rykes is vol geweld*
*en die inwoners praat leuens;*
*hulle tonge is die ene bedrog*
*in hulle monde.*
*Ek sal dan nou ook begin*
*om jou te straf,*
*om jou te verwoes*
*oor jou sondes.*
*Jy sal eet,*
*maar nie versadig word nie.*
*Hy sal jou binne-in die stad verneder.*
*Jy sal mense verskuif,*
*maar nie na veiligheid bring nie,*
*en wie jy wel beveilig,*
*sal Ek aan die swaard oorgee."*

Miga 6:9-14

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 4 Wees tevrede

Een van die maklikste strikke om in te trap, is om jouself gedurig te vergelyk met ander wat meer as jy het. Jy voel dan onvergenoeg en bly jaag na meer. So word jy 'n slaaf van gierigheid en is nooit tevrede met wat jy het nie. So sê die Bybel:

*"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie sy slawe en slavinne, sy beeste en donkies nie – enigiets wat aan jou naaste behoort nie."*

__________________________________ Eksodus 20:17

*Twee dinge vra ek van U –*
*moet dit nie van my terughou*
*voordat ek sterf nie:*
*Valsheid en leuentaal, hou dit ver van my.*
*Moet my nie armoede of rykdom gee nie;*
*breek my porsie brood vir my af,*
*sodat ek nie oorversadig raak*
*en U misken en sê,*
*"Wie is die Here?" nie,*
*of verarm en steel,*
*en die naam van my God*
*geweld aandoen nie.*

__________________________________Spreuke 30:7-9

*Wat wel 'n groot wins is, is godvresendheid wat met tevredenheid gepaardgaan.*
*Ons het immers niks*
*in die wêreld ingebring nie,*
*en ons kan niks*
*daaruit wegneem nie;*
*maar as ons kos en klere het,*
*laat ons daarmee tevrede wees.*
*Wie ryk wil wees, val in versoeking en 'n strik, en baie dwase en skadelike begeertes wat mense meesleur na ondergang en vernietiging. Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. Die hunkering na rykdom het sommige mense laat afdwaal van die geloof, en hulle het hulleself met baie smarte deurboor.*

_______________________________ 1 Timoteus 6:6-10

*... want alles in die wêreld – dit wat die liggaam begeer, en dit wat die oë begeer, arrogante spoggery oor besittings – is nie uit die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly tot in ewigheid.*

______________________________ 1 Johannes 2:16-17

*Julle leefwyse moet vry wees van geldgierigheid. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê, "Ek sal jou beslis nie verlaat nie, en ook nie in die steek laat nie", sodat ons met vertroue kan sê:*
*"Die Here is vir my 'n helper –*
*ek sal nie bang wees nie.*
*Wat sal 'n mens aan my doen?"*

________________________________ Hebreërs 13:5-6

*Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om in alle omstandighede tevrede te wees.*

__________________________________Filippense 4:11

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 5 Bou goeie verhoudings

Ons hoor dikwels dat werknemers 'n maatskappy se grootste bate is. Daarom is die verhoudings tussen mense in die werkplek van uiterste belang. Arbeidsonrus en ongemotiveerde werknemers kos die ekonomie jaarliks miljoene rande. Aan die ander kant is goeie arbeidsverhoudings die grondslag van 'n stabiele en winsgewende organisasie. Hiervoor is wedersydse vertroue en respek nodig, asook die besef dat almal – werkgewer en werknemer (eienaar en slaaf in die tyd van die Bybel) – onder die gesag van die Here staan. Hy verwag van werknemers om elke dag hard te werk en billike vergoeding te ontvang.

*"Jy mag nie jou naaste uitbuit en beroof nie. Jy mag nie die loon van 'n dagloner deur die nag by jou hou tot die oggend nie."*

__________________________________ Levitikus 19:13

*"Jy mag nie 'n dagloner wat magteloos en behoeftig is, uitbuit nie – nie een van jou volksgenote of 'n vreemdeling wat in jou dorpe in die land is nie. Jy moet sy loon nog dieselfde dag betaal, voor die son oor hom ondergaan, want hy is arm en hy sug daarna. Anders beroep hy hom op die Here teen jou en staan jy skuldig."*

_________________________ Deuteronomium 24:14-15

*Slawe, wees met vrees en bewing aan julle aardse eienaars gehoorsaam, met opregte harte, soos aan Christus – nie met lippediens om mense se guns te wen nie, maar as slawe van Christus wat die wil van God van harte doen, terwyl julle met blymoedigheid julle diens verrig, soos vir die Here, en nie vir mense nie.*
*Want julle weet dat elkeen, indien hy iets goeds doen, dit van die Here as loon sal terug ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.*
*En julle, eienaars, tree net so op teenoor die slawe, en staak julle dreigemente, omdat julle weet dat julle en hulle Here in die hemel is, en dat Hy niemand volgens die uiterlike beoordeel nie.*

___________________________________ Efesiërs 6:5-9

*Wie 'n vyeboom versorg,*
*sal sy vrugte eet,*
*en wie na sy meerdere omsien,*
*sal geëer word.*

___________________________________ Spreuke 27:18

# 6 Rus gereeld

JJy kan ook te veel probeer doen. Jy sloof jou af, verwaarloos jou persoonlike verhoudings en raak vasgevang in 'n nimmereindigende dolle gejaag. Jy kan later verleer om te rus en selfs skuldig voel wanneer jy nie werk nie. Die ritme van werk met gereelde rustye tussenin is sedert die skepping vasgelê. Om te kan rus, wys dat jy nie 'n slaaf van jou werk is nie. Diegene wat hulle nie aan hierdie beginsel steur nie, sal nie enduit kan presteer nie. As God gerus het, waarom sal ons dan nie sy voorbeeld volg nie?

*So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort, voltooi.*

*God was op die sewende dag*
*klaar met sy werk*
*wat Hy gedoen het;*
*en Hy het op die sewende dag*
*gerus van al sy werk*
*wat Hy gedoen het.*
*God het die sewende dag geseën;*
*Hy het dit heilig verklaar,*
*want op dié dag het Hy gerus*
*van al sy werk –*
*dit wat God geskep het deur dit te maak.*

___________________________________ Genesis 2:1-3

*"Ses dae lank moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy ophou werk, sodat jou beeste en jou donkies kan rus, en jou slavinne se seuns en die vreemdelinge kan asemskep."*

___________________________________ Eksodus 23:12

*"Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus; selfs in die ploegtyd en oestyd moet jy rus."*

___________________________________ Eksodus 34:21

*"Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is 'n Sabbat ter ere van die Here jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou diere en jou vreemdeling wat by jou is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig."*

__________________________________ Eksodus 20:8-11

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 7 Dien God met jou inkomste

Die geld en besittings wat ons bymekaarmaak, kom van die Here af. Daarom behoort alles wat ons besit in die eerste plek aan Hom. Die Bybel gee die riglyn dat ons een tiende van ons inkomste as offer aan die Here moet gee vir die ondersteuning van sy werk. God het 'n blymoedige gewer lief.

*"Jy moet jaar ná jaar presies een tiende van die volle opbrengs saad wat jou saailande oplewer, eenkant hou. Jy moet 'n tiende van jou koring, nuwe wyn en olie, sowel as die eersgeborenes van jou beeste en kleinvee, in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig, sodat jy kan leer om altyd ontsag te hê vir die Here jou God."*

__________________________ Deuteronomium 14:22-23

*"Maar wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wynruit en allerhande soorte kruie, maar julle verwaarloos die reg en die liefde vir God. Hierdie dinge moes julle gedoen het sonder om die ander na te laat."*

______________________________________ Lukas 11:42

*Jesus het oorkant die offergawekis gesit en kyk hoe die skare kopermunte in die offergawekis gooi. Baie rykes het baie ingegooi. 'n Arm weduwee het gekom en twee lepton, wat saam 'n kwadrant werd is, ingegooi. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Amen, Ek sê vir julle dat hierdie weduwee, wat brandarm is, meer ingegooi het as almal wat geld in die offergawekis gegooi het. Want almal het uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het ten spyte van haar behoeftigheid alles ingegooi wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud."*

__________________________________ Markus 12:41-44

*Die punt is: Wie karig saai, sal karig oes; en wie oorvloedig saai, sal oorvloedig oes. Laat elkeen gee soos hy vooraf in sy hart besluit het – nie met droefheid of onder dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief. En God is magtig om alle genade oorvloedig vir julle te laat wees, sodat julle altyd in elke opsig selfversorgend kan wees, en oorvloedig kan bydra tot elke goeie werk. Soos daar geskryf staan:*

*"Hy het wyd uitgestrooi;*
*Hy het aan die armes gegee;*
*sy geregtigheid bly vir ewig."*

_______________________________ 2 Korinthiërs 9:6-9

# 8 Aanvaar jou sosiale verantwoordelikheid

Rykdom en voorspoed is nie doelwitte op sigself nie. Volgens die Bybel seën God ons sodat ons – nadat ons in ons eie basiese behoeftes voorsien het – meer sal hê om in ander se behoeftes te voorsien. God plaas die armes, die weeskinders, die weduwees en die vreemdelinge in ons sorg. Hy sal ons geloof beoordeel aan ons optrede teenoor mense soos hulle. Sosiale verantwoordelikheid is nie net daar om ons openbare beeld te bevorder nie; dis 'n vereiste vir ware en opregte diens aan God.

*En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers.*

__________________________________ Hebreërs 13:16

*"Wanneer jy jou oes op die land insamel en jy vergeet 'n gerf op die land, mag jy nie teruggaan om dit te kry nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly, sodat die Here jou God al jou handewerk kan seën. Wanneer jy jou olywe afslaan, mag jy nie die takke deursoek waar jy klaar is nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly. As jy jou wingerd oes, mag jy nie die naoes agter jou afoes nie. Dit moet vir die vreemdelinge, vaderloses en weduwees agterbly. Onthou dat jy 'n slaaf was in Egipteland. Daarom beveel ek jou om so op te tree."*

__________________________ Deuteronomium 24:19-22

*"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, 'Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My as 'n gas verwelkom; Ek was nakend, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My versorg; Ek was in die tronk, en julle het My besoek.'*
*Dan sal die regverdiges Hom antwoord, 'Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en iets te drinke gegee?*
*En wanneer het ons U as 'n vreemdeling gesien, en as gas verwelkom, of nakend, en U geklee? En wanneer het ons U siek of in die tronk gesien, en U besoek?'*
*Maar die Koning sal vir hulle sê, 'Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers van My gedoen het, het julle vir My gedoen.' "*

________________________________ Matteus 25:34-40

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

*Dít is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende, en jouself onbesmet van die wêreld te hou.*

___________________________________ Jakobus 1:27

*Wie hom oor 'n arme ontferm,*
*leen aan die Here,*
*en Hy sal hom vergoed*
*vir sy weldaad.*

__________________________________ Spreuke 19:17

*Hieraan ken ons die liefde: dat Hy vir ons sy lewe afgelê het. Ook ons behoort ons lewe vir ons broers af te lê. Hoe bly die liefde van God in iemand wat genoeg aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar sy hart nogtans vir hom toesluit?*

______________________________ 1 Johannes 3:16-17

# 9 Betaal jou belasting

Daar bestaan geen twyfel dat die Bybel die betaling van belasting onderskryf nie. In die tyd van die Nuwe Testament was die vraag oor belasting vir die Jode polities 'n sensitiewe saak aangesien hulle onder die Romeinse regering gestaan het. Selfs in hierdie situasie word die regering se reg om belasting te hef erken, maar ons moet steeds in gedagte hou dat ons ook 'n verantwoordelikheid teenoor God het.

*Hulle het sake fyn dopgehou, en spioene gestuur wat voorgegee het dat hulle opreg is, sodat hulle Hom op grond van een of ander uitspraak kon vastrek en Hom sodoende aan die owerheid en die gesag van die prokurator kon oorlewer. Hulle vra Hom toe: "Meester, ons weet dat wat u sê en leer, reg is. U neem nie die aansien van persone in aanmerking nie, maar leer die weg van God waarheidsgetrou. Is dit toelaatbaar dat ons belasting aan die keiser betaal, of nie?" Maar Jesus het deur hulle listigheid gesien en vir hulle gesê: "Wys vir My 'n denarius. Wie word daarop afgebeeld, en wie se inskripsie staan daarop?" Hulle antwoord: "Die keiser s'n." Toe sê Hy vir hulle: "Gee daarom aan die keiser wat hom toekom, en aan God wat Hom toekom."*

__________________________________Lukas 20:20-25

*Daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat hulle juis hiermee bemoei. Betaal aan almal wat hulle toekom: belasting aan wie belasting, tolgeld aan wie tolgeld, ontsag aan wie ontsag, eer aan wie eer toekom.*

_________________________________ Romeine 13:6-7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# 10 Werk vir ware rykdom

Om geld en besittings te verkry, is vir baie mense die hoofdoel in hulle lewe. Die Bybel sê egter duidelik dat die begeerte na materiële besittings ons lewe kan oorheers as ons nie versigtig is nie. Ons kan nie vir twee base tegelyk werk nie. Ons kan nie God en geld dien nie. Ons moet werk soos God wil hê en so ware rykdom wat blywend is, verkry. Die Bybel noem dit skatte in die hemel. Ons hoef ons nie oor ons daaglikse behoeftes te bekommer as ons God eerste stel in alles wat ons doen nie.

*"Niemand kan twee base dien nie. Want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf hy sal aan die een lojaal wees en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie."*

________________________________ Matteus 6:24

*"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie, daar waar mot en roes verniel, en waar diewe inbreek en steel. Maar maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, daar waar mot en roes nie verniel nie, en waar diewe nie inbreek en steel nie. Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."*

______________________________ Matteus 6:19-21

*"Moet julle daarom nie bekommer en vra, 'Wat sal ons eet?' of 'Wat sal ons drink?' of 'Wat sal ons aantrek?' nie. Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*

______________________________ Matteus 6:31-33

*Die verkryging van wysheid –*
*hoeveel beter is dit nie as goud nie!*
*Die verkryging van insig*
*is verkieslik bo silwer.*

________________________________ Spreuke 16:16

*Hoe gelukkig is 'n mens*
*wat wysheid vind,*
*en 'n mens wat verstandigheid verkry!*
*Ja, die wins wat wysheid lewer,*
*is meer as dié van silwer,*
*meer as dié van goud*
*is haar opbrengs.*
*Sy is kosbaarder as koraal;*
*niks wat jy begeer,*
*kan met haar vergelyk word nie.*

_______________________________ Spreuke 3:13-15

*Beveel die rykes in die huidige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie, en nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom te vestig nie, maar op God, wat alle dinge in oorvloed aan ons gee om te geniet. Beveel hulle om eerder goed te doen, ryk aan goeie dade, vrygewig en mededeelsaam te wees, om sodoende vir hulleself 'n skat op te bou as goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe kan verkry.*

____________________________ 1 Timoteus 6:17-19

*Daarom, verneder julle onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog, deur al julle bekommernis op Hom te werp; want Hy gee om vir julle.*

________________________________ 1 Petrus 5:6-7

*Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend. En die vrede van God, wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.*

*Verder, broers,*
*alles wat waar is,*
*alles wat eerbaar is,*
*alles wat reg is,*
*alles wat rein is,*
*alles wat lieflik is,*
*alles wat lof verdien,*
*ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees: rig julle gedagtes daarop. Wat julle van my geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het: hou aan om dit te doen. En die God van vrede sal met julle wees.*

_______________________________ Filippense 4:6-9



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika

# Riglyne vir ons daaglikse werk

In die Bybel kry ons riglyne oor hoe om met integriteit te leef, met ander woorde soos God wil hê ons moet leef. Die Bybel het iets om te sê oor hoe ons God se seën in elke aspek van ons lewe kan ervaar.

In hierdie boekie het ons tien riglyne ontdek wat ons kan volg om ons daaglikse werk só te doen dat ons God tevrede stel en ook seker kan wees van sy seën:

1. *Vertrou op God*
2. *Werk hard*
3. *Wees eerlik*
4. *Wees tevrede*
5. *Bou goeie verhoudings*
6. *Rus gereeld*
7. *Dien God met jou inkomste*
8. *Aanvaar jou sosiale verantwoordelikheid*
9. *Betaal jou belasting*
10. *Werk vir ware rykdom*

Mag die Here jou ryklik seën terwyl jy daarna strewe om Hom te eer, ongeag van die posisie wat jy beklee of die werk wat jy doen. Mag jy ook, soos die getroue slawe in die gelykenis wat Jesus vertel het, die vreugde beleef om die Eienaar die volgende woorde te hoor sê:

*"Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Deel in jou eienaar se vreugde!"*

______________________________ Matteus 25:21

# My verbintenis

*Ek .........................................................................................*
*dank God vir die voorreg om 'n werk te hê.*

*Ek wil my daaglikse werk tot eer van God doen.*

*Daarom verbind ek my daartoe om met die hulp wat Hy my gee, die tien Bybelse riglyne in hierdie boekie te volg.*

*Geteken: ..............................................................................*

*Datum: ..................................................................................*

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika